

HEILBRON

HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

SKAPE VREK NA HAELSTROM

“Ons het Maandag 100 mm reën en hael binne 15 minute gehad. Sowat 240 skape het gevrek van die koue na die frats bui wat omstreeks 14:30 uitgesak het. Dit is ’n hartseer gesig, ’n mens is magtelos.” Dit is die woorde van Heyns Theron van die plaas Kingston, Edenville. Hulle het die aand vuur gemaak in die stoor en selfs met haardroërs die wat nog lewe warm gemaak om hulle te probeer red. Die hael het op plekke sowat 60 cm dik gelê en die stoor waar sy wolskeersel van drie weke gelede geberg is, het soos ’n sif gelek weens die gewig van die hael en hy sal waarskynlik

nou niks vir sy wol kry nie. Heyns sê ook dat 150 skape wat gevrek het, vervangingsooie was. Die dooie skape is nie geskik vir menslike gebruik nie en hulle het ’n sloot gegrou om die karkasse te begrawe. ’n Groot deel van sy weiding het ’n paar maande gelede afgebrand, maar Heyns en sy pa Danie wat saam met hom boer, is steeds positief en sê: “Die Liewe Vader sal weer uitkoms gee.” Op Facebook het die groep “Hulp vir ons Boere” gevra dat mense hulp en bystand moet gee vir die Theron gesin. Gaan kyk gerus ook na die video op Heilbron Herald se Facebook-blad.

PHILLIP
VAN DER MERWE



STEM **VF PLUS** **X** 
OP 1 NOVEMBER 2021

Staan op teen die verval

**STEM VIR KUNDIGHEID, ERVARING
EN WERKLIKE VERBETERING**

STAAN OP | STAAN SAAM | STAAN STERK

Verenig en WEN

Die ANC is swakker as ooit, en dis nou die beste kans wat Suid-Afrika het om dorpe en munisipaliteite dwarsoor die land van die ANC se korrupsie en wanbestuur te red.

Dit kan slegs gebeur as ons verenig rondom **die enigste party wat groot genoeg is om die ANC te klop**. Wanneer ons **rondom die DA verenig**, het ons die beste kans om te wen.

DA-Leier John Steenhuisen

'n Verdeelde opposisie is GEEN opposisie nie



Malema het reeds in die openbaar gesê hy is bly dat kleiner partye stemme by die DA vat, want dit **help die EFF om die amptelike opposisie te word**.

Verenig en WEN

Die DA is nie perfek nie, maar **ons bestuur die beste, skoonste regerings in Suid-Afrika**. Dis net die DA wat 'n bewese rekord het wat **wys dat ons dinge gedoen kry**.

X STEM  **DA**

Die DA kry dinge gedoen

**SAME DAY DELIVERY AND COLLECTION BETWEEN
HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE**

FOR ONLY R75

📞 053 633 0000 📧 heilbrons@postnet.co.za 📍 053 633 0077



PRYSUITDELING HOOGTEPUNTE BY HOËRSKOOI HEILBRON



Danie Bornman



Chenelle Els



Adri Erasmus



Bart Steijn



Anica Grobler



Danica Boucher

Hoërskool Heilbron het verlede week hulle jaarlikse afsluitingsfunksie gehou. Ten spyte van die moeilike jaar kon die skool spog met leerlinge wat baie goed presteer het.

Die skool se topprestasies sluit in:
Primêre Hoofleiers:
Danie Bornman en Chenelle Els.
Primêre Dux-leerling:
Adri Erasmus.
Sekondêre Hoofleiers:
Bart Steijn en Anica Grobler.
Sekondêre Dux-leerling:
Danica Boucher.



Qusanda van Schalkwyk



Johane Pretorius



Jane Jv Rensburg



Melissa van Huysteen



Joan Meiring



Lerato Ayele



SJ Jacobs



Marisa Ferdous



Jaco Botha

JA MALHERBE LEERLINGGRAAD

Baie geluk aan die leerders wat verkies is tot die Leerlingraad van 2022 vir JA Malherbe Primêre Skool in Petrys Steyn. Die volgende leerders het hierdie prestasie behaal: Qusanda van Schalkwyk, Johane Pretorius, Jane Jv Rensburg, Melissa van Huysteen, Joan Meiring, Lerato Ayele, SJ Jacobs, Marisa Ferdous en Jaco Botha.



Carla Fivaz



Patience Mokoena



Luan Strauss



Jan-Hendrik Lange

REITZ LEIERS

Die VRL vir 2022 van Hoërskool Reitz was reeds aangekondig en moes leerders wag tot die prysuitdelingsfunksie om te hoor wie is die hoofleiers vir volgende jaar. Baie geluk aan elkeen se prestasies, hiermee die verkose hoofleiers :
Hoofseun: Luan Strauss
Onderhoofseun: Jan-Hendrik Lange
Hoofdogter: Carla Fivaz
Onderhoofdogter: Patience Mokoena

WILGERIVIER TOEKENNINGS

Die span hoofleiers van Hoërskool Wilgerivier is verlede week aangekondig om die 2022 jaar aan te pak. Die volgende leerders het prestasies behaal:
Sekondêr Hoofseun: Cilliers Müller
Onderhoofseun: Tiaan Meyer
Hoofmeisie: Lenè Richter
Onderhoofmeisie: Elmé Muller
Primêr Hoofseun: Zak Steyn
Onderhoofseun: Marnus Graaff
Hoofmeisie: Anienke Claasen
Onderhoofmeisie: Adrie van Tonder



Sekondêre leiers vlnr: Tiaan Meyer, Cilliers Müller, Lenè Richter en Elmé Muller.



Primêre leiers vlnr: Anienke Claasen, Adrie van Tonder, Zak Steyn en Marnus Graaff.

YOUR
**BACK
TO
SCHOOL**
SUPPLIER

Herald

058 852 3033
heraldoffice@heilbron.co.za

LAE
PRYSE
VIR JOU
elke dag

SPAR

85⁹⁹
stk

74⁹⁹
per pak

Get **R3 off**
39⁹⁹

39⁹⁹

79⁹⁹
ek

47⁹⁹
stk

2 **35⁰⁰**
vir

2 **80⁰⁰**
vir

59⁹⁹
per pak

TBWA\Hunt\Loscoris\Durban\544272\92700_390x261_AFR

Voeg SPAR-kode by en kryk op WhatsApp om spesiale aanbiedings, voorkeuse voorkeuse, klanke en meer te sien! **0860 313 141**

*Maksimum van 10 e-Koepons per klant vir elke SPAR Rewards produk wat hier vertoon word.

Kerf
en Sny
Soos 'n MeesterSjef

en kry tot
80% AF

KOOP

WELKE 10 STUKKE OF MEER
WAT 1000 WIT IS VERDIEN

VERSAMEL

10 STUKKE OF MEER
WAT 1000 WIT IS VERDIEN

SPAAR TOT 80%

met jou volledige versamelaar
nummer 24 "n MasterChef mee koop

SPAR

Eksklusief vir SPAR Rewards-klante

SPAR Rewards
Instant Savings

Sluit vandag nog aan! Skakel
*120*7070#. Dis **ONMIDDELLIK** geldig!

beskikbaar by uitgesoekte SPAR, SUPERSPAR en KWIKSPAR winkels (SPAR Express winkels uitgesluit) Vanaf 26 Oktober tot en met 31 Oktober 2021, terwyl voorraad hou.
 Ons behou die reg voor om hoeveelhede te beperk. Nie beskikbaar in die Upington en Keimoes area, KwaZulu - Natal, die Laeveld of Beldaat en die Wes of Oos - Kaap.
 TV produkte tansyd beskikbaar. Pryse sluit BTW in.

SPAR



UIT DIE PEN

Fanie en Melanie. Dit klink soos twee karakters uit 'n kinderstorie. Maar vir vandag noem ons hulle Fanie en Melanie.

Melanie het 'n wilgerlatlyfie gehad. Ek weet nog steeds nie hoe sy by ons skool uitgekóm het nie (onthou jy – ek is mos besig om oor my skoolhou ervarings te skryf), maar ek dink sy het Wiskunde gegee. Melanie was ook 'n goeie atleet. Dalk het sy een of ander spannetjie afgerig, ek weet nie, maar sy was baie bedrewe op haar fiets.

Melanie kon nie mooi sit nie. Regtig, sy kon nie. Sy het darem altyd lang- of driekwartbroeke gedra, maar dit het niks aan die totale prentjie verander nie. Melanie se gunsteling stoel was net oorkant die hoof deur van die personeelkamer. Daar het Melanie vir haar neergeplak en lelik gesit. Regtig lelik gesit. Sy sou dan so half vorentoe leun met haar elmboog op haar dun bene, en

kliphard skreeu-praat.

Wanneer jy by die personeelkamer ingestap het, het Melanie se vreemde gesittery jou totaal onkant gevang.

Klaarblyklik het Melanie se man haar af en toe aangerand, ek weet nie of dit waar was nie. Ons het dit eers later verneem. Iedergeval. Daar was regtig min dinge in die lewe wat vir Melanie aanvaarbaar was. Sy was ontevrede oor min of meer alles: die samestelling van die leerders in die skool, die skoolgebou, haar klas, haar bordkryt was onaanvaarbaar, die pousekoffie was sleg en Vrydae se personeeltoebroodjies te droog. In retrospek dink ek dat sy net van haar fiets en haar kleuterseun gehou het.

Melanie was ook nie geneë met ons skoolrooster nie. Onthou: daardie jare was dit 'n baie kleiner skool met kleiner klasse. Minder personeel het veroorsaak dat personeel meer vakke moes gee. Gelukkig was die merkwerk minder.

Meneer daag een pouse in die personeelkamer op en deel die werksverdelings vir die volgende jaar uit. Melanie sit soos sy gewoonlik soos sy sit en skreeu-vra: “Hey, wie by hierdie skool is verantwoordelik vir die werksverdeling?”

Daar daal 'n doodse stilte oor ons neer. Almal, behalwe Melanie, sien hoe dit nader kom. Meneer word stadig, van die nek af boontoe, 'n rooi-maroen kleur. Hy begin aan sy yl hare vryf. Gewoonlik reageer hy met bulderende paragrawe.

Hy vryf weer. Net een woord. Op 'n slag. “Ek.”

“Doen dit.”

Ek sien hoe hy die woede betuel. Maar Melanie sien dit nie. Sy lê agtertoe, kou luid en sê: “Hoekom het ek so baie periodes?”

Hy vryf weer.

“Want ék. Sê so.”

Ek dink Melanie het geweet dat dit nou die tyd is om eerder stil te bly. Daar was iedergeval nie kans dat sy kon terugpraat

nie, want Meneer het net so in sy spore omgedraai, kantoor toe gegaan en die deur toegemaak. Vir die res van die dag.

Melanie haal toe mos die Spingbokfietsryspan wat in Oostenryk moes gaan deelneem. Nie sy of haar man het genoeg geld gehad nie, en sy vra toe vir donasies. Die skoolhoof (wat darem intussen uit sy kantoor gekom het) sien dit as 'n geleentheid om lugtyd aan die skool te gee, en hy begin met 'n geldinsamelingsveldtog vir Melanie.

Tydens 'n saalbyeenkoms word die geld amptelik aan Melanie oorhandig (sy moes darem nie sit nie).

Meneer: “Good luck in Australia.”

Melanie: “It is actually Austria.”

Meneer: “Ek hoop vir jou part jy kom by die regte land uit.”

Tot my eie spyt kan ek nie eers onthou hoe dit met Melanie in Australië of Oostenryk gegaan het nie.

Fanie word ook op 'n goeie dag aangestel. Groot man, effense boepie, pas geskei (vrou drie) met 'n ongelooflike groot bek. Alles is beter, mooier en duurder. As jy 'n hoofpyn het, kla Fanie oor sy breingewas. Sy kar is opge-zoep, hy rook net Camel en geniet Ronald se geselskap. En die klein botteltjies wat Ronald in die toilet versteek. Sy klere is ongestryk en hy ruik gewoonlik na 'n mengsel van goedkoop naskeermiddel en die botteltjies in die toilet.

Fanie kom gou agter watter vrou op die personeel nie getroud is nie. En hy probeer sy geluk by iedereen. Fanie het nie baie lank uitgehou nie, ek wonder of hy twee maande lank daar was: die botteltjies het hom gepootjie.

Jakkie kom daar aan, ek kan nie onthou of hy in Fanie se plek aangestel is nie. Jakkie is besadig en klaarblyklik het hy en Meneer mekaar geken. Jakkie se lof word besing tot aan die einde van die wêreld en terug. Hy was 'n onderwyser iewers, en toe 'n

departementshoof op 'n ander plek en beland toe op een of ander manier by ons skool.

Later het ons uitgevind dat Jakkie by die vorige skool afgedank is en dat ons Meneer hom uit die goedheid van sy hart 'n werk aangebied het.

Jakkie en Meneer was klaarblyklik goeie vriende, want die twee het weekliks saamgekuier. Een mooi dag, gedurende 'n personeelvergadering, deel Meneer 'n kort opsomming uit wat Die Vyfpuntplan genoem word.

Die Vyfpuntplan was Jakkie se maaksel, hoor ons.

1. Alle leerders staan in 'n ry voordat hulle die klas ingaan.
2. Die onderwyser ontmoet die leerders in hulle ry.
3. Die leerders stap die klas binne.
4. Die onderwyser groet hulle.
5. Die klas begin.

Regtig? Is dit al waarmee Jakkie vorendag kon kom? Hierdie is nie Die Vyfpuntplan nie! Hier is, soos die Weermag sou sê: Ops Normal. Dis is hoe dit moet wees. Maar Jakkie het sy Fifteen Minutes of Fame (soos Andy Warhol dit genoem het), gehad. Jakkie was net langer as vyftien minute by die skool voordat hy ook die hasepad gekies het.

Dit is nou nadat ons agtergekom het dat hy, gelukkige getroude gesinsman, vir die ongetroude vroulike kollegas ongehoorde sms's gestuur het.

Goed, nou is Melanie, Fanie en Jakkie van die kaarte af, maar hou hierdie spasie dop: daar kom nog baie kreature.

Ek dink nou daaraan: hierdie is nie unieke karakters nie. By elke skool, elke werkplek, is daar Melanies, Fanies, Jakkies en Menere wat jou jare daarna laat terugkyk op jou lewe en jou dankbaar maak vir die lesse wat die lewe jou dèur hulle kon leer.

SKOENE VIR MARILISE

Dié ma, vrou en dogter se lewe is in 'n oogwink verander op 9 Oktober 2021 toe 'n uitstappie saam familie in 'n nagmerrie verander het, waar sy ernstig beseer is in 'n fratsongeluk tydens 'n Zipline avontuur en die gebruik van haar bene verloor het.

Nie net is sy 'n ma wat haar kinders, huwelik en familie eerste stel bo haar eie uitdagings en behoeftes nie, maar altyd tyd maak om na haar ouers om te sien ongeag haar eie struikelblokke en verantwoordelikhede.

'n Raakvat vrou in haar gemeenskap, wat sterk staan in haar Goddelike geloof en elkeen wat oor haar pad kom emosioneel en geestelik aanraak met 'n oop hart en hand. Of dit nou is om te help met 'n voedingskema of dood eenvoudig die groente in haar tuin te skenk vir die gesin wat 'n behoefte het aan 'n volgende maaltyd. Selfs in hierdie uitdagende fase waarin sy haar bevind nog steeds bekommerd is dat haar werksaamhede nou agterweë bly.

Ons het julle hulp nodig om my niggie

weer die geleentheid te kan bied om haar skoene aan te trek en diep spore te kan trap in almal se lewens en harte. Saam kan ons vir haar die pad gelyk maak om haar passie uit te leef om haar gemeenskap te dien.

Ondersteun asseblief ons BackaBuddy, elke R5 is 'n R5 nader aan ons einddoel. Al die geld wat ingesamel word sal vir die volgende aangewend word:

- 1) Veranderinge aan hulle huis om dit vir Marilise meer toegankliker te maak.
- 2) Mediese kostes wat nie deur die mediese gedek word nie.
- 3) Reiskoste vir haar gesin wat van Heilbron af moet kom om vir haar te kom kuier in Alberton Hospitaal.

Enige bydrae sal waardeur word, al is dit net om ons boodskap op alle moontlike platforms te versprei. Dankie vir elkeen se omgeehart en bydrae, mag julle 'n geseënde dag beleef.

Deur: Lizemirie Cronje
Short URL: <https://www.backabuddy.co.za/marlise-steyn-2021>



HUPPEL TRIPPEL-KLUB KUIER GESELLIG SAAM



• S Meades

Die Huppel Trippel-Klub se lede het Dinsdag heerlik saamgesing met Anél Grobbelaar wat ons begelei het. Die liedjies het gewissel van Christelike liedjies tot Saai die waatlemoen (kompleet met bewegings) en Ek soek na my Dina. Die goedvoel- hormone het behoorlik gevloei! 'n Paar lede kon weliswaar nie daar wees nie; maar dit was heerlik om 'n paar nuwe gesigte te

verwelkom. Op 9 November beplan ons 'n lekker Vasvra met 'n kompetisie tussen twee spanne. Almal is gereed om hulle algemene kennis af te stof; en om 'n paar nuwe kennis saam te bring. Ons pas die spreekwoord net so 'n bietjie aan: Hoe meer koppe, hoe meer kennis. Die jaar, en daarmee saam die Huppel Trippel Klub, is in die pylvak.

Ons begin al dink aan Candles by Candlelight soos in die verlede. Die klem lê steeds by lekker saamkuier.

NET VOOR DIE STORM KOM



Die bekroonde Afrikaanse sanger Theuns Jordaan se liedjie “Net voor die storm kom” is seker gepas as opskrif vir die foto. Die toneel is Maandag afgeneem deur TJ Janse van Rensburg met sy selfoon op die plaas Blyvooruitzicht in die Hoogte omgewing. Presidentskoppie is regs op die foto. Goeie neerslae het voorgekom wat gewissel het van 20mm tot 100mm.

SEXUAL VIOLENCE. IT’S NOT YOUR FAULT. IT’S NEVER OK. HELP IS AVAILABLE...

YOUR NEAREST CARE CENTRE

Nketoana Hospital
Artie Street, Reitz, Bethlehem | 058 803 2806



Care Centre services are FREE. You don't have to report to police to access these services.

SERVICES YOU CAN ACCESS

- Testing for HIV & other STIs
- Medicine to prevent HIV & unwanted pregnancy
- Counselling and support
- Referral to other legal, health & social services



Bring your home up to speed with fast, reliable fibre solutions.

25/5Mbps Uncapped FTTH Promo

R399

Includes:



Live your Monate

Email kznfssales@telkom.co.za



Standard terms and conditions apply, and can be viewed at www.telkom.co.za. The offer is available to the following customers: New customers with the Openserve FTTH footprint. All customers originating to the provider within the Openserve FTTH footprint and Copper Voice customers within the Openserve FTTH footprint. The Openserve Fibre network coverage can be confirmed on Telkom's website at the following URL: www.telkom.co.za/255Mbps. Access to a Voice service is optional at no charge, a calling plan can be added at an extra charge. Calls made on the Voice service will be charged at normal rates. 25/5Mbps Uncapped FTTH Promo-Bandwidth is available on the month-to-month basis and over a 12-month contract. No FUP (Fair Usage Policy) Download only. The promotional campaign runs until 30 November 2021 for the 25/5Mbps Uncapped FTTH Promo, as class where the router and installation are included. This is subject to the fibre being a home as per the 25/5Mbps. Customers can cancel the service at any time, however, the pro-rated remaining cost of the installation and router will be charged at the rate of installation, if cancelled prior to the 12-month term.

CAIRO GROUP SE BLOED IS ROOI



Jaap van der Westhuizen van Cairo group praat passievol oor Case IH se nuwe tegnologie en produkte.



Arno du Plessis, Case IH se Hoof van Taktiese Bemaking aan die woord.

As jy met die R82 pad van Sasolburg na Koppies se kant toe ry bevind jy jou in Case Wêreld en ook die tuiste van Cairo Group. Die rooi trekkers loop diep in die manne se are en die volbloed Case IH handelaar het die sewende generasie van sy vlagskip konvensionele trekker, die nuwe Magnum™ AFS Connect™ 400, onlangs aan boere in Koppies ten toon gestel tydens die Cairo Group-boeredag op die plaas van Jaap van der Westhuizen, 'n trotse Case IH-handelaar en boer.

Dit kom drie dekades nadat die eerste Magnum-trekker aan boere onthul is, met meer as 150 000 Magnum-trekkers wat sedertdien op plase regoor die wêreld begin werk het.

Belangrike opgraderings aan die Magnum™ AFS Connect™-trekkers is binne-in die kajuit en in die trekker self, wat die bestuurder en eienaar help om boerderybedrywighede beter te bestuur met nuwe vlakke van presisie, gemak en konnektiwiteit.

Die nuwe reeks is ontwerp na gelang van wêreldwye kliëntet terugvoer en die resultaat is 'n reeks wat die behoeftes van boere erken. Hoewel dit voldoen aan die vereistes van die innoverende, vooruitdenkende boere wat die potensiaal van nuwe presisie-tegnologie benut, werk dit op 'n gemaklike manier vir diegene wat minder tegnologies ingestel is.

Die binnekant van die kajuit is hersien, met behoud van bekende Case IH-konsepte, soos pilaarinligtingskerms en sy armleuningkontroles, en die verbeterde uitvoering van hierdie bedieningselemente lig intuïtiewe werking na 'n hoër vlak.

Alexey Savinov, Case IH se Produktbemarkingsbestuurder vir die Magnum™-reeks in Asië, die Midde-Ooste en Afrika, sê “intuïtiewe werking en gemak van die bestuurder was 'n noodsaaklikheid vir die ontwerp van die nuwe trekkerreeks”.

“Die vooruitgang van die bestuurdersomgewing sluit 'n nuwe draaibare sitplek, verbeterde lugversorging, verwarming- en ventilasiesistels en nuwe motor-styl kontroles in,” het Savinov gesê.

Volgens Jaap van der Westhuizen was daar 'n hele paar hoogtepunte wat uitgestaan het by dié geleentheid. Die uitstalling van die nuwe Case IH toerusting by die ontvangsarea het omtrent boere se koppe laat draai.

Boere het die geleentheid gehad om na kenners te luister, onder andere hoëvlak verteenwoordigers van Case IH Suider-Afrika, tydens 'n voorlegging en was verbaas

om te hoor hoe gevorderd die CASE IH-tegnologie geword het.

“Die nuwe AFS Connect-trekkers kan nou binne 'n presisie-marge van minder as 2,5 cm werk, wat beter is as alle mededingers,” sê Esmond Coen, hoof van Case IH Ag Solutions. Die op- en aflaai van data deur AFS Connect word nou ook as die vinnigste op die mark geag en die aantal funksies en opsies is verstommend. Volgens Coen sluit die funksies alles in waaraan 'n boer kan dink; van die aanduiding van die masjien se ligging, die werkstatus en wat dit benodig (soos brandstof of onderhoud). Data van die bewerkte oppervlakte, of variërende toedieningshoeveelhede word ook in reële tyd aangeteken en oorgedra en die boer kan selfs kyk hoe sy winsvooruitsigte lyk terwyl die trekkers deur die lande beweeg.

Volgens Arno du Plessis, Hoof van

Taktiese Bemaking vir Case IH Suider-Afrika, kan die nuwe Magnum™ AFS Connect™ gesien word as 'n “volledige oplossing” vir die boer.

Na die voorlegging het die Magnum™ AFS Connect™ 400 sy vermoëns op die land gedemonstreer. Boere was veral beïndruk met die trekker se verrigting en krag in die veld. Op 'n snikhete Vrystaat-dag was die luukse, lugversorgde kajuit beslis 'n toevlugsoord en boere het nie gehuiwer om die trekker te toetsbestuur nie.

Muller van der Westhuizen, 'n produsent in die Parys-distrik wat tans met mielies, sonneblomme en sojabone boer, meen dié trekker se gemaklike en luukse kajuit laat hom kop-en-skouers teenoor vorige modelle uitstaan.

Vir Jaap van der Westhuizen as handelaar is dit 'n groot voorreg om nou direk besigheid met CNH Industrial te kan



KENNISGEWINGS

KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 35(5) VAN DIE BOEDELWET

In die boedel van wyle ANTONETTE VENTER, Identiteitsnommer 511001 0015 081, wie oorlede is op 16 Augustus 2020 en woonagtig was te Hertzogstraat 57, PETRUS STEYN, boedelnommer 908155/2020. Ingevolge Artikel 35(5) van die Boedelwet, Wet 66 van 1965 word hiermee kennis gegee dat die Eerste en Finale Likwidasië- en Distribusierekening in bogenoemde boedel in die kantore van die Meester te Bloemfontein en Landdroskantoor te Petrus Steyn vir 'n tydperk van 21 (Een-en-Twintig) dae vanaf datum van publikasie hiervan ter insae lê vir alle persone wat daartoe belang het.

CHRISTIE VAN WYK
SAREL CILLIERSSTRAAT 26
POSBUS 98, REITZ, 9810
TEL: 058 863 3468/9
FAX: 058 863 3467

LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of DEED OF TRANSFER NUMBER T3285/2015 passed by SUSANNA PETRONELLA CHRISTINA LABUSCHAGNE, Identity Number 400303 0120 083, unmarried in favour of MARTINUS JOHANNES HATTINGH, Identity Number 520823 5162 08 2, unmarried in respect of certain Remainder of the Farm Willie's Vreugde 825, district Reitz, Province Free State, measuring 53,5954 (Fifty Three comma Five Nine Five Four) Hectares, which has been lost or destroyed. All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein, in the office of the Registrar of Deeds, Room B29, within two weeks from the date of the publication of this notice.

Dated at Parys this 22nd day of October 2021
APPLICANT: MARTINUS JOHANNES HATTINGH

P/A EBEN KRIEK INCORPORATED
17 KERK STREET
P.O. BOX 256
PARYS, 9585
TEL: 056 811 232
E-MAIL: convey@kriwyk.co.za

BELONING AANGEBIED AWARD OFFERED

Beloning van R10 000 word aangebied vir die positiewe indigting wat sal lei tot arrestasie van verdagtes en terugbesoorging van gesteelde vee van Pieter Underhay, die vee is 7 Dragtige Bonamara verse, vee gebrandmerk GU op linkerbood, skakel Pieter 084 417 3551.

Award of R10 000 being offered for positive information that would lead to arrest off suspects, and recovery off the stolen cattle, the cattle are 7 pregnant Bonamara heifers, brand marked GU on the left hind leg, call Pieter 084 417 3551.

POSTNET HEILBRON

Besigheidsure:

Maandae - Vrydae: 08:00 - 16:30

Saterdag: 09:00 - 12:00

Eisstraat 42 • HEILBRON | Tel: 058 853 0006

GEKLASSIFISEERD

Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eieners Heilbron Herald (Edms) Bpk.
Eisstraat 44, Posbus 166, Heilbron
Tel: (058) 852 3633/4/5
Faks: (058) 853 0140
www.heilbronherald.co.za
E-POS ADRESSE

- Abrie Watson abrie@heilbron.co.za
- John Watson john@heilbron.co.za
- Winkie heilbr@heilbron.co.za
- Madeline heilbr@heilbron.co.za
- Koeriersale, drukwerk & konsultydienste
- Cassie heilbr@heilbron.co.za
- Koeriersale, drukwerk & konsultydienste
- Delanyx Simoes delanyx@heilbron.co.za (Reklamasie, foon oop)
- Christelle heilbr@heilbron.co.za • (Reklamasie oop)
- Jeanne heilbr@heilbron.co.za
- (Wysings, draaiwerk, plakkers ens.)
- Elsabe heilbr@heilbron.co.za
- (Wysings, draaiwerk, plakkers ens.)
- Silma heilbr@heilbron.co.za
- (Koerier, silwerprints)
- Silma marketing@heilbron.co.za
- (Koeriersale, klere, oopstels ens.)

Koerier sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en ook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.

Menings en opnies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.

JAARBEPLANNER

NOVEMBER 2021

26 & 27 Nov. - NG Kerk Suid -
(Ghoifdag & Kersmark)

SUDOKU

6			2				9
	1		3		7		5
		3				1	
	9						2
2			8	7	5		3
		5		1		4	
7			8				9
		1		4		8	
			2	5	9		

3			2	1			
7	4					1	9
	2			6		5	
	3		7	4			1
		8				9	
6				9	2		5
		2		8			4
1	5					9	7
			9	3			2

SUDOKU - Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.

Hiermee wil die Gesondheidskomitee van Heilbron Kliniek die vrymoedigheid neem om te vra vir bydraes vir die Sagte Speelgoed Projek op 17 November 2021. Speelgoed kan tot en met 10 November 2021 by Heilbron Kliniek afgegee word. Baie dankie vir enige bydrae.

VAKANTE POS KUDDEBESTUURDER

Aansoeke word ingewag vir junior kuddebestuurder vir skape en beeste, asook reparasies en windpomp. Kandidaat moet tussen 25 en 45 jaar oud wees met ondervinding! Stuur asb. CV na enslin.dorothea@gmail.com voor 7 November 2021. Skakel 083 456 6789

PLOEG SEMOER

Engle LEER BELDE

WERNER | 060 524 5567
JEANNE | 076 813 2751

Corporate & Commercial
Entertainment & Wedding
Kids parties
Matric Farewell
Inclusivity & Family
Maternity & Newborn

DIENSTE

Andries Muller
072 447 7446
Vrystraat 23,
Heilbron
Ou Heilbron
Betonwerke se gebou

MILLING • KEYWAYS
ALGEMENE DRAAIWERK
MEGANIESE
HERSTELWERK

BAAL VAN SOJA-MIELIERESTE
Petrus Steyn, Heilbron en Landley
Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of
Piet Meiring 082 571 4191
petraandhaand@gmail.com

BAAL / SNY & BAAL
Vir sny-, hak- en hakwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron

TE HUUR

HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS
Geëik vir ongeveer 70 name. Ingehuil volledige oëgrei, stoof en 2 oond, gelysmeeëde kookbedekking.
Hannelie Claassen 079 040 6531

AANDAG!!
Johan Basson is opsoek na werk. Hy het kennis van hoogspruit, stroop, skaap en bees. Hy het ook gewerk by 'n skaapvoedingsaal. Johan is 52 jaar oud.
Kontak Johan 072 379 6066

Die Heilbron Herald se fabrik se 16de Desember 2021 en heropen DV 10 Januarie 2022.

Plaas asb. vroegtydig u bestelling vir drukwerk om te voorkom.

Die Heilbron Herald se winkel sluit die 22ste Desember en heropen DV 5 Januarie 2022.

Eisstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033

BIBLIOTEEK OOP
Piercestraat 66 • Heilbron

Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:
Maandae tot Vrydae - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
Biblioteek is gesluit op Saterdag, Sondag & openbare vakansiedae.

SMALLS

EIENDOMME

VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME

Vir die beste transaksies en diens

Eisstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

Heilbron Eiendomme
VOLLEDIGE LYS VAN EIENDOMME OP ONS WEBWERF
www.heilbroneiendomme.co.za
Annelize 082 331 9856 of
Wiam 062 916 0050

DRINGEND OPSOEK NA EIENDOMME OM TE VERKOOP OF TE VERHUUR

NUUT IN DIE MARK:
Netjiese 3 slaapkamers met 1 1/2 badkamers, sitkamer, eetkamer, kombuis en enkel motorhuis. Huis is sentraal geleë.
R530 000

VEGKOP SONNIGE HUIS:
Sonnige huis met baie potensiaal. Huis bestaan uit 3 slaapkamers met ingeboude kaste, 2 badkamers, 3 leefareas wat baie son kry. Baie netjiese kombuis, dubbelmotorhuis. Geëik en wat met beton.
R750 000

ANDER EIENDOMME
• Goed ontwikkelde plot, wat addisionele inkomste kan bied, bestaan uit 2 x netjiese 3 slaapkamers.
R2340 000

• 3 Slaapkamers met 2 badkamers, woonkamer, studeerkamer, baie mooi kombuis, swembad, Naby skool.
R750 000

• 3 Slaapkamers met 2 badkamers, ruim leefarea en netjiese kombuis. Dubbel motorhuis.
R670 000

HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT

Hugo Groenewald
082 569 7205
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemaking. Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

072 180 4113
marilize@marilizephoto.com
marilizephoto.com

BIBLIOTEEK OOP
Piercestraat 66 • Heilbron

Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:
Maandae tot Vrydae - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
Biblioteek is gesluit op Saterdag, Sondag & openbare vakansiedae.

072 180 4113
marilize@marilizephoto.com
marilizephoto.com

MUNISIPALE VERKIESING: HOE WERK STEM BRIEWE

"Tydens 'n munisipale verkiesing, anders as by 'n nasionale verkiesing waar kiesers slegs vir 'n party stem en die party sy kandidaat intern aanwys, kan kiesers met 'n munisipale verkiesing ook stem vir 'n spesifieke kandidaat om sy/haar wyk in die stadsraad te verteenwoordig" sê raadslid Phillip van der Merwe, burgemeesterskandidaat van die VF Plus in die komende verkiesing.

Volgens hom is daar tans nog kiesers wat nog bietjie onseker is oor hoe presies die stemproses gedurende 'n munisipale verkiesing verloop. Raadslid van der Merwe verduidelik die proses as volg - Kiesers stem eerstens vir 'n kandidaat om die wyk waarin die kieser woon in die raad te verteenwoordig. Die stembrief wat vir hierdie doel gebruik word is wit en grys van kleur en bevat benewens die party se logos ook die name van die kandidaat wat elke deelnemende party in die verkiesing verteenwoordig. Die kandidaat wat die meeste stemme op hom verenig uit hoofde van hierdie stembriewe wen en word dan die wyksraadslid vir die wyk.

Kiesers kry egter 'n tweede stembrief waarop net die relevante party se logos verskyn.Om dit verder te onderskei is die stembrief geel van kleur. Dit word gebruik om te stem vir die kandidaat wat hul partye

as proporsionele kandidaat sal verteenwoordig. Raadslid van der Merwe verduidelik dat 'n munisipale raad deels (50%) saamgestel word uit wyksraadslede en deels (50%) uit proporsioneel verkose raadslede. Die berekening om te bepaal hoeveel proporsionele kandidaat 'n spesifieke party verkies gekry het, geskied deur al die stemme wat die party op beide die wyk stembriewe en proporsionele stembriewe bymekaar te tel. So word dan bepaal welke persentasie van die totale uitgebragte stemme 'n bepaalde party verkry het. 'n Party wat dan byvoorbeeld 40% van die totale stemme (op beide stembriewe saamgetel) verkry het kry ook 40% van die beskikbare setels vir proporsionele raadslede. Soos met nasionale verkiesings wys partye intern hul proporsionele raadslede in volgorde van voorkeur aan. Kiesers moet dus in gedagte hou dat 'n persoon sy eie stem, wanneer dit by proporsionele raadslede kom, eintlik neutraliseer indien die persoon op die eerste stembrief vir een party en op die tweede vir 'n ander party sou stem.

Kiesers kry egter ook 'n derde stembrief. Die een is groen van kleur en hierdie stem bepaal 'n deelnemende party se verteenwoordiging in die Distriksraad. Raadslede vir die Distriksraad word slegs op proporsionele basis verkies. Die stembriewe bevat gevolglik weereens nie enige kandidaat se name nie, maar slegs die logos van die deelnemende partye. Soos met die tweede stembrief vir die munisipale raadslede hierbo, verkry 'n party setels in die Distriksraad ooreenkomstig die persentasie wat die totale aantal stemme op hom verenig verteenwoordig, teenoor die totale stemme uitgebring. Weereens wys partye intern hul kandidaat in voorkeurvorgorde aan.

"Ek vertrou hierdie uiteensetting help om meer duidelikheid te bring waar kiesers nog getwyfel het oor die stemproses" sluit raadslid van der Merwe af.

KNOW YOUR BALLOTS LOCAL MUNICIPALITY

LOCAL GOVERNMENT ELECTIONS 2016 OFF RUN 2
EC106 CAMDEBOO LOCAL MUNICIPALITY
WARD 21001001 CANDIDATE VOTE

Ward Ballot
White and Grey to vote for the ward councillor to represent you on the Local Council.

LOCAL GOVERNMENT ELECTIONS 2016 OFF RUN 2
EC106 CAMDEBOO LOCAL MUNICIPALITY
LOCAL COUNCIL PARTY VOTE

PR Ballot for Local Council
Yellow to vote for a political party to represent you on the Local Council .

LOCAL GOVERNMENT ELECTIONS 2016 OFF RUN 2
EC106 CAMDEBOO DISTRICT MUNICIPALITY
DISTRICT COUNCIL PARTY VOTE

PR Ballot for District Council
Green to vote for a party to represent you on the District Council.

www.elections.org.za

MUNISIPALE VERKIESING: WAAR STEM EK ?

“Anders as by 'n nasionale verkiesing waar 'n kieser op enige plek sy nasionale stembrief kan bekom en sy stem kan uitbring, kan kiesers met 'n munisipale verkiesing slegs stem in die wyk waar hy of sy geregistreer is” sê Phillip van der Merwe, VF Plus raadslid en die party se burgemeesterskandidaat vir die komende verkiesing. Om te kan stem moet 'n kieser se naam en adres dus op die Onafhanklike Verkiesingskommissie se kieserslys verskyn en hy/sy mag slegs stem in die wyk waarbinne sy/haar adres, soos dit op die kieserslys verskyn, geleë is.

Persone wie nie op stembdag, 1 November 2021, in die gebied waar hulle geregistreer is aanwesig gaan wees nie, kon vroeër aansoek gedoen het om op een van die twee spesiale stembdae, 30 en 31 Oktober 2021, te stem. Die tyd waarbinne sulke aansoeke gedoen kon word het egter reeds verstryk. 'n Persoon wie dus nie op stembdag fisies in sy wyk sal wees nie en ook nie betyds aansoek gedoen het om 'n spesiale stem uit te bring nie, sal eenvoudig ongelukkig nie kan stem nie.

Kiesers wie onseker is of hulle en waar hulle geregistreer is, kan hul identiteitsnommer sms na 34139 en sal 'n sms terugontvang wat aandui of hulle geregistreer is en waar hulle stempunt is. Kiesers moet kennis neem dat hulle NIE by 'n politieke party kan registreer nie – slegs by die Onafhanklike Verkiesingskommissie. Politieke partye het wel databasisse waarop hulle kiesers “registreer”, maar sodanige “registrasie” bring nie temreg mee nie.

“Kiesers word dus aangeraai om stelurstelling te voorkom en betyds hul status by die Onafhanklike Verkiesingskommissie na te gaan deur bostaande sms diens te gebruik”, sê raadslid Van der Merwe.

VERKIESING: DA WIL NGWATHE MILJOENE BESPAAR

Vonke mag hier spat reeds kort na aanstaande Maandag se munisipale verkiesing. DA-kandidaat wat verkies word vir Ngwathe se nuwe stadsraad gaan onmiddellik poog om die munisipale bestuurstelsel te verander. Hulle sê 'n verandering sal miljoene rande bespaar.

Dit werk so: Ngwathe het sedert 2017 'n Uitvoerende Burgemeester wat aan die hoof staan van 'n sogenaamde Burgemeesterskomitee. Al agt komiteelede daarin dien voltyds. Voor 2017 was daar egter 'n uitvoerende komitee, almal deelyds, onder 'n nie-uitvoerende burgemeester. “Die vorige stelsel met sy deelydse lede was baie goedkoper, en die komitee was 'n veelparty-komitees,” sê DA-raadslid Arnold Schoonwinkel.

Net na die vorige verkiesing het die ANC-meerderheid die ou stelsel uitgestem, ten spyte van sterk protes deur die DA. Ngwathe het daarna die Provinsie gevra om die huidige, en baie duurder, stelsel goed te keur. Die Provinsie (destyds onder Premier Ace Magashule) het goedkeuring verleen, en Ngwathe het die nuwe duurder stelsel gedurende 2017 ingevoer. Sedertdien dien raadslede voltyds op die burgemeesterskomitee, en opposisiepartye is ook nie meer daarop verteenwoordig nie.

Die burgemeester, speaker, en senior amptenare verdien almal ook heelwat meer. "Dis 'n duur stelsel wat miljoene rand kos, sonder enige voordeel vir dienslewering," sê Schoonwinkel. Die DA wou dit destyds probeer laat omkeer, maar regsopinie aan hulle was om te wag tot 'n nuwe raad verkies word. "Dit gebeur natuurlik hierdie Maandag," sê Schoonwinkel.

As hy herkies word wil hy stry vir 'n onmiddellike terugkeer na die vorige stelsel. Ander DA-kandidaat, soos Marié la Cock en Saal de Jager, sal dit geesdriftig steun indien hulle verkies word. "Die huidige stelsel is onnodig duur, en dit sluit opposisielede totaal uit van die belangrike besluite wat op uitvoerende vlak geneem word," sê Saal de Jager, 'n sakeman van Parys.

Die DA se Vrystaatse segspersoon oor plaaslike regering, Me Leona Kleynhans LPW, sê die DA ondersteun elke poging om munisipale kostes te besnoei en dienslewering te verbeter. Die voorgestelde verandering mag Ngwathe soveel as R5 miljoen per jaar bespaar. DA-koukusvoorsitter Carina Serfontein verwag die stryd hieroor "sal moeilik wees" maar in belang van alle inwoners. "Die Burgemeesterskomitee, almal ANC-lede, sal natuurlik veg vir hul hoë salarisse, en sal kan staatmaak op die steun van Ngwathe se werknemers, en sekerlik ook dié se vakunies."

Indien u enige nuus vir die
Heilbron Herald het kontak
Silma Petzer.
Tel: 058 852 3033.



mekaar in die semifinaal sal aanvat: Gholfklub, Ematla, What’s News en OJ’s Meat Market. Dit voorspel n geveg tot die bittere einde, maar hierdie geveg sal eers geveg kan word wanneer daar weer genoeg krag is om die ligte aan te skakel.

So van rol gepraat stuur JC vir my n “video clip” daar van Lekkerbreek af om te wys hoe Dolly se alter ego, Helena, die aand, na die dag se spel, sommer self ook op die baan gaan rol. Ek het belowe om nie uit te praat nie, maar dis lekker op Lekkerbreek! Nuutste inligting is dat hulle 5 van hul 8 wedstryde gewen het, wat uitstekend is vir twee nuwe rolbalspelers.

Hlokomela! Be Careful! Do not Occupy/Build on land that is sold illegally

The Municipality determines the use and development of land within towns under it's jurisdiction. Every piece of unoccupied land you see across all towns has a purpose. No land lays without ownership. Land that is not serviced by the Municipality has no sewage, electricity, drinking water, refuse removal, public lighting, roads and physical addresses especially for emergency vehicles access. Such piece of LAND is not ready to be occupied unless its an initiative of the MUNICIPALITY.

Be careful of criminals who will claim to be officials of the Municipality/Owner selling land. No municipal land is sold at random. There are procedures to be followed at the Municipal Offices.

Help prevent illegal land occupation before it happen.
Call 083 790 7446 to report.

=====STOPILLEGALOCCUPATIONS=====STOPILLEGALOCCUPATIONS=====

Hlokomela! Ela hloko! 0 Seko oa dula/aha mobung o rekisoang ka mokhoa oseng molaong

Masepala o beha tshetbediso le ntshetsopele ea mobu ka hura ditsopele tse tlasa ona. Sekhetshana se seng le se seng sa mobu se sa sebediswang seo o se bonang ho pholletsa le ditsopele tse ntle se na le moero. Ha ho mobu o datseng o se na beng. Mobu o sa sebediswang le Masepala o sena dikhoere-khoere, motlakase, metsi a nooang, ho fosa ha ditheke, mabone a sechaba, linela le litatsetse tsa lehae hahlaboholo bakeng sa phihlelo ea makoloi a tlohametso. Karolo e joalo ea NAHA ha e lokile ho dula ntle le haeba e le mohato oa "MASEPALA".

Hlokomela dinokone tse tla ipolcha hore le diotliri tsa Masepala / Monga tshiso ea mobu. Ha ho mobu oa masepala o rekisoang ka mokhoa o sa reoang. Ho na le mokhoa e lokelang ho latela ho fihlisa tsa Masepala.

Thusa ho thibela ho dula mobu o seng molaong pele ho etsahala, . Letsena 083 790 7446 ho tlacha.

===== THUSA HO THIBELA HONKA LEFATSHI KAMAHATHAPA =====

DUBBELS LAAT JOU GOED SPEEL



Wenners van verlede week se kompetisie soos volg: Willem Loots (40), Arnold Saaiman (41), Abrie Watson (41) en Jackie Leonard (41).

Dubbels bring die tier in jou uit, vra maar vir Tiger Woods. Verlede Saterdag het die dubbel-putjiespel dit ook reggekry dat die spelers uitstekende tellings aangeteken het. Die eerste vier pryswenners het almal vier houe en beter as hulle voorgaer aangeteken wat ongekend is. Abrie Watson en Edward Muller wen Jackie Leonard en Wiam Rautenbach 2&1. Pieter

van Staden en Arnold Saaiman se brieke was los, hulle wen Willem Loots en Ruan Mienie 5&4. More se RSA Seed and Grain-dag gaan 'n grote wees en spelers word gevra om reeds vanaf 09:00 daar te wees. Daar wag 'n hele klomp verrassings vir die deelnemers. Die setperke is op kompetisie standaard en goeie reëns het bygedra tot ideale toestande.

BKB LOUWID

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
DONDERDAE – ROYAL AUCTION CENTRE



Vir kraalbesprekings en inskrywings
skakel Piet Boshoff : 083 210 7135
Posbus 220, Frankfort, 9830 | Tel: 058 813 1071
E-pos: frankfort@bkbblouwid.co.za
www.bkb.co.za
Reg. No: 2005/026173/07

*Waar sake elke keer,
die eerste keer reg gedoen word!*

Pharmacy & Clinic

PLATTELAND

*Hiep-hiep
Hoera!*

**Ons is
1 jaar oud!**

*Bye dankie vir almal
se ondersteuning*

Kom kry 'n gratis kolwyntjie met
jou aankope op 30 Oktober 2021

BKB Louwid
Die komende week se
BELANGRIKSTE veilings

DINSdag - 2 NOVEMBER 2021
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuys 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088
MTONJANENI Maandelikse veiling
Kontak Pieter van Zyl 082 459 0668
WARDEN Maandelikse veiling
Kontak Jacques vd Merwe 082 325 0036

WOENSDag - 3 NOVEMBER 2021
FOURIESBURG Maandelikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

MAGALIESBURG: RAYMOND PRETORIUS
Algehele uitverkoop van implemente
11:00, Dennehof
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

DONDERDag - 4 NOVEMBER 2021
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Wentzel Vorster 082 566 1369
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
KAALLAAGTE Maandelikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539

VRyDag - 5 NOVEMBER 2021
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

BKB LOUWID
www.bkb.co.za
BKB Louwid 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkbblouwid.co.za

Want an investment
that gives you an effective
yearly interest rate of 5,85%?

- Get a nominal rate of 5,70% or an effective yearly interest rate of 5,85% on expiry after 12 months.
- You pay no fees or commissions.
- Exclusive to clients 55 years and older.

Do you want a bank that takes your money,
or a bank that takes your money seriously?

Open an Electronic OptimumPlus Account using
the Nedbank Money app or visit any branch.

see money differently

Terms and conditions apply.





NEDBANK